

Gereformeerde Kerk Bellville – 11 Februarie 2018 – Oggend

Sing vooraf staande: Psalm 94:1, 2 (p. 472)

- 1 Verskyn weer aan die onweerstranse, / o God van wraak, in skitterglanse!
Vertoon u stralende^oaangesig, / o Regter, wat die wêreld rig!
Staans op, verhef U en vergeld / die trotsaards nou hul trots geweld!
- 2 Hoe lank, o HEER, sal nog die bese / hier triomfeer ... die goddelose
by al ons jammer en gesug / hul jubels uitstoot in die lug?
En giftig, by hul seëpraal, / ons uitspot met hul lastertaal?

Ek slaan my oë op na die berge: waar sal my hulp vandaan kom? My hulp is van die HERE wat hemel en aarde gemaak het.

Genade en vrede vir julle van Hom wat is en wat was en wat kom, en van die sewe Geeste voor sy troon, en van Jesus Christus, die geloofwaardige getuie, die eerste wat uit die dood opgestaan het, die heerser oor die konings van die aarde.

Amen.

Loflied: Psalm 33:1, 6 (p. 157)

- 1 Sing vrolik, hef die stem na bowe; / regverdiges, verhef die HEER!
Dit pas opregtes God te lowe / en uit te jubel tot sy eer.
Laat die psalmgesange – / stem van sterk verlange / om die HEER te dank –
by die smeltendskone / harp- en sitertone, / liefde^oen lof verklank!
- 6 Die HEER se raad word nooit gekeer nie; / dit sal bestaan in ewigheid.
Teen sy besluit is geen verweer nie; / bestendig duur dit vir altyd.
Salig wie tevore / deur Hom is verkore / as sy erf en lot;
wie so hoog geëer is, / dat dié HEER húl HEER is / en dié God húl God.

Geloofsbelydenis: Apostolicum

Wet

Psalm 119:38, 39 (p. 594)

- 38 HERE,^oek wyk deur u genade / weg van elke slegte pad;
maar ek wyk nie van u regte, / want hul is my wysheidskat.
Soet soos heuning is u woorde, / soeter, want hul gee my raad;
daarom is 't dat ek van harte / al die valse paaie haat.
- 39 HEER, u woord is my 'n fakkelt / wat sy ligglans voor my dra,
voor my voet die duisternisse / van my lewenspad verja.
'k Het gesweer, deur u ontferming / dit bevestig, dat ek my,
van 'n wêreldnag omgewe, / deur die ligglans wil laat lei.

Gebed

Skrifberyming 11-3:8, 9, 10 (Sb 16)

- 8 Salig die wat hier vervolgt word / en vir reg en waarheid ly,
want die koninkryk der heemle / is vir hul as loon berei.
- 9 Salig die wat hier gesmaad word, / onder lyde lydsaam-stil;
die wat wegwyn onder laster / en dit dra om Christus wil.
- 10 Juig, want hul het die profete / ook gemartel en gehoon!
Juig en Jubel! Uit die hemel / wink die skone^ooorwinnaarsloon.

Skriflesing: Matteus 5:1-12; 23:29-36

Kernverse: Matteus 5:10-12

Salig is die wat vervolg word ter wille van die geregtigheid, want aan hulle behoort die koninkryk van die hemele. Salig is julle wanneer die mense julle beledig en vervolg en valslik allerhande kwaad teen julle spreek om My ontwil. Verbly en verheug julle omdat julle loon groot is in die hemele; want so het hulle die profete vervolg wat voor julle gewees het. (Matteus 5:10-12 AFR53)

Tema: Om vervolg te word is 'n kenmerk dat jy vir Christus volg

Geliefdes in ons Here Jesus Christus, dit is opvallend en vir ons ook vreemd dat Jesus direk na die versoening en vrede wat Hy wil hê die burgers in sy koninkryk moet najaag, nou praat van die vervolging wat hulle sal ly. Met die eerste oogopslag mag dit vir ons vreemd wees, maar wanneer 'n mens weer aandagtig ons Here Jesus se bedoeling met vrede oordink, is dit nie so vreemd nie.

Trouens, ons het al by 'n vorige geleentheid daarop gewys. Aan die een kant, God wil hê dat sy kinders die wêreldse mense moet verras deur eerste vrede te maak al beteken dit dat hulle soms onregverdig die slae alleen moet dra. Maar aan die ander kant weet ons ook, want die Here sê dit telkemale vir ons, nie alle wêreldse mense sal verras wees omdat ge-lowiges vrede wil maak nie. Intendeel, die wêreld sal vredemakers beskou as mense wat nie ruggraat het nie en nie op hulle regte kan staan nie. En omdat gelowiges in die oë van die wêreld soos 'n klomp papperds lyk, sal die wêreld niks met hulle te doen wil hê nie en selfs so ver gaan om hulle te vervolg, te beledig en allerhande slegte dinge van hulle te sê.

Dit is om hierdie rede dat Jesus van vervolging praat direk nadat Hy ons geleer het om die vrede na te jaag. Die kinders van God sal egter nie net oor hulle vredemakers vervolg word nie. Oor al die dinge wat die Here vanaf vers 3 genoem het, sal die gelowiges in onguns by die wêreldse mense wees. Die Here wil hê sy mense moet heilig wees, want hulle hemelse Vader is heilig. Gelowiges moet dus anders wees as die wêreldse mense, ja, anders as waaraan ons self van nature gewoond is. Daarom kan ons die saligsprekings ook beskou as die karaktereenskappe of kenmerke wat die Here wil hê elkeen wat aan Hom behoort moet openbaar.

Volgelingen van Christus is nie mense wat met hulle eie vernuf hulle pad oop skouer in die lewe nie. Hulle sien hulleself soos wat hulle in die oë van God lyk, naamlik arm van gees. Omdat hulle arm van gees is as gevolg van hulle eie ongeregtigheid treur hulle en dit veroorsaak dat hulle sagmoedig is. Hulle eie regte is nie belangrik nie, maar die reg van God moet bo alles seëvier. Daarom honger en dors hulle na geregtigheid.

Maar die kinders van God openbaar hierdie kenmerke nie net in hulle verhouding met God nie. Omdat hulle 'n persoonlike en intieme verhouding met God het, beteken dit nie dat die gelowiges hulle uit die samelewing onttrek nie. Intendeel, gelowiges is mense wat in die binnewerk van die samelewing betrokke is. Hulle bewys barmhartigheid aan elke mens wat hulle pad kruis. In al hulle optrede met ander mense tree hulle opreg op, want hulle is rein van hart. Hulle speel ook 'n konstruktiewe rol deur vrede te maak al beteken dit dat hulle hulleself moet verloën.

Broers, susters en kinders, ons kom agter dat nie een van hierdie karaktereenskappe by die wêreldse mens se beeld van sukses en welvaart inpas nie. Van nature weet ons as jy

iewers wil kom, moet jy sterk wees, ryk wees, vrolik wees. Jy moenie swak wees, arm wees of treur nie. Jy moet die geregtigheid soek wat vir die mense aanvaarbaar is en nie die ge-regtigheid van God waarin jy jouself moet verloor nie. En barmhartigheid sal beslis nie werk nie, want net die sterkste oorleef. Van vrede maak wil ons van nature ook nie weet nie, want dit wys dat jy nie jou man kan staan in die wêreld nie. Nou sê ons Here boonop dat vervolging, belediging en 'n geskel jou voorland is as jy hierdie eienskappe van 'n koninkryks-burger vertoon. En Hy noem die wat vervolgd word salig.

Hierdie woorde van ons Here Jesus laat verskeie vrae by ons opkom. Hoekom word en gaan die kinders van God vervolgd word? Hoe kan die Here die vervolgdes salig noem? Hoekom wil die Here hê gelowiges moet met blydschap op die vervolging reageer?

Kom ons begin dan by die eerste vraag: Hoekom word die kinders van God vervolgd, beledig en vir allerhande lelike dinge uitgeskel? Geliefdes, die antwoord op hierdie vraag lê opgesluit in die woorde van ons Here Jesus. Oor die wêreld heen word baie mense vervolgd, in tronke gegooi en selfs doodgemaak.

Die gelowiges word egter nie vervolgd oor iets wat uit hulleself sigbaar word nie. Die eerste rede wat die Heilige Gees aan ons uitwys vir die vervolging is geregtigheid. Met hierdie geregtigheid word die geregtigheid van God bedoel. Omdat gelowiges die reg van die Here in alles wil laat seëvier en aanhoudend vra wat die Here se wil in alle sake is, word hulle vervolgd. Ware gelowiges val nie sommer by die modegiere van die dag in nie en hulle be-hoort ook nie. Voortdurend wil hulle weet of die dinge wat hulle gevra of gedwing word om te doen, regtig volgens die wil van hulle God is. Daarom lees hulle aanhoudend die Bybel en bid hulle gedurig dat die Heilige Gees aan hulle die wysheid sal gee om God se wil in die Bybel raak te sien. En hulle wil nie iets doen nie alvorens hulle doodseker is dat dit volgens God se wil is.

Geliefdes, dit is juis omdat ons Gereformeerdes eers doodseker wil maak of die Here wil hê dat vrouens ook in die diens van ouderling, predikant en diaken mag dien, voordat ons 'n besluit kan neem. Maar die mense wat deur demokratiese sienings en geslagsgelykheid sake beredeneer, kan nie begryp hoekom ons so lank vat om 'n besluit te neem nie. Omdat hulle nie kan begryp nie, word die Gereformeerde Kerke in die koerante bestempel as

'n klomp mans wat teen vroue diskrimineer. Ons moenie toegee as die druk van buite die kerke op ons afkom nie. Ons moenie toegee omdat ander kerke reeds vroue as predikante en ouderlinge en diakens het nie. Ware gelowiges hardloop nie agter die modegiere van die wêreld aan nie. Hulle bly by die geregtigheid en wil van God.

Ook wanneer die ware gelowiges mense of regerings of instansies vermaan oor dinge wat hulle doen wat nie met die geregtigheid van God ooreenstem nie, word hulle ook teen-gestaan, beledig en vervolgd. Die kinders van God kan nie onreg sienderoë maar toelaat wanneer hulle in die binnewerk van die samelewing betrokke is nie. Deur die Gees van God word hulle gedryf om God se wil onverswak te bly verkondig. Hierdie handhawing van

God se reg lei onvermydelik tot vervolging.

Met die profete van die Here het dit in die Ou Testament gebeur. Jesus sê, hulle is nie net vervolgd nie, hulle is selfs vermoor. Een van die profete waar ons duidelik kan sien en hoor hoe hy onder die vervolging gely het, was Jeremia. Ook in die onlangse geskiedenis van die wêreld het dit gebeur. Een van die bekende teoloë in Duitsland, Dietrich Bonhoeffer, is deur die Nazi-regime in die Tweede Wêreldoorlog om die lewe gebring omdat hy hulle

aan-houdend vermaan het oor hulle onreg. Selfs in ons eie land is gelowiges beledig en valslik van allerhande dinge beskuldig omdat hulle die regering van destyds vermaan het oor die onreg wat hulle onder die naam van Apartheid gepleeg het.

Nou kan 'n mens vra of dit nie domastrandheid is van die mense wat ter wille van geregtigheid vervolging laat verduur nie? Wil hulle nou maar net martelare wees ter wille van 'n saak? Geliefdes, dit mag moontlik ook ons reaksie wees op hierdie vervolgings wat sommige ge-lowiges al gely het. Maar 'n mens kan die saak ook anders benader en vra: Is dit nie onregverdig dat gelowiges ter wille van die Here se geregtigheid moet ly nie? Dit is mos sy saak en sy reg. Hoekom sal mense nou daarvoor moet ly? Die profeet Jeremia het ook geredeneer dat dit onregverdig van die Here is as hy wat maar net 'n mens is vervolging en belediging moet ly.

Hierdie argumente bring ons dan by die tweede rede vir die vervolging wat die Heilige Gees aan ons duidelik maak. Jesus sê: Salig is julle wanneer die mense julle ter wille van My ver-volg. Omdat die gelowiges onder Christus se regering wil staan en Hom alleen as Koning oor hulle hele lewe erken, word hulle vervolgd. Weereens kan 'n mens vra of dit nie onreg-verdig is nie. Is dit nie dom om die diensknegte te vervolgd ter wille van die Leermeester nie?

Wanneer gelowiges vervolgd, beledig en uitgeskel word, is dit die wêreld se bedoeling om God by te kom. Maar die wêreld kan God nie leed aandoen nie. Hy is onbereikbaar vir hulle, daarom moet God se kinders bygekome word. En as dit moet, sal hulle, Jesus sê so, die profete vermoor. Met die moord op die profete het die ongelowige en ongehoorsame Israel gedink hulle sal God se mond kan snoer. 'n Dooie profeet is immers minder gevaarlik en minder lastig. Maar lewende profete laat die lewende God vandag met ons praat. God moet eerder verlede tyd wees, Hy moenie in die teenswoordige tyd wees nie.

Nadat God vir baie lank op verskeie maniere deur profete met sy volk gepraat het, het Hy op die bestemde tyd sy eie geliefde Seun gestuur om deur Hom met sy volk en met elke liewe mens tot vandag toe te praat. God laat nie sy mond snoer nie, nog minder laat Hy Hom uit die lewe van mense uitsluit. In sy Seun het ons hemelse Vader konkreet in die wêreld van die mense ingekom. God wil betrokke wees in die lewens van mense, daarom word sy ewige Seun die mens, Jesus Christus, wat by sondaarmense Hom kom tuismaak.

Elke woord en elke daad van ons Here Jesus het die onreg en boosheid van mense kom blootlê. En met elke woord en daad het Hy die reg en wil van sy Vader laat seëvier. Steeds wou die wêreldse mense nie gehoor gee aan God se oproep tot bekering nie. Hulle het die profete doodgemaak en sodoende darem vir 'n tyd lank rus van die aanhoudende geroep van God gekry. Moord was niks, daarom het hulle besluit om ook Jesus se lewensweg

'n afgrond te maak. Sy stem het hulle in bloed gesmoor. Sy seënende hande het hulle aan die vloekhout vasgespyker. 'n Dooie Jesus is beter, want dan kan die lewende God nie teen-woordig wees nie.

Broers, susters en kinders, God laat Hom egter nie weggee voor mense se oë nie. Hy laat nie toe dat die dood seggenskap oor sy ewige Seun kry nie. Hy het Jesus na drie dae uit die dood uit opgewek en Hom opgehef tot in die hoogste hemele aan sy regterhand omdat Jesus Christus God se wil volmaak tot in die dood uitgevoer het. In sy lewe het Hy God verheerlik deur God se wil volmaak te doen. In sy dood het Hy God verheerlik deur aan God se geregtigheid te voldoen en die gelowiges met sy bloed los te koop van die heerskap-py van die Satan en die sonde.

Vandag lewe Christus en Hy lewe tot in ewigheid. Hy regeer ook. In besonder regeer Hy God se kinders deur sy Gees en Woord. Die Heilige Gees bind gelowiges in Christus in, vernuwe hulle, maak hulle heilig om in die heerlijkheid van Christus te deel. Hierdie heerlijkheid is om saam met Christus kinders van God te wees, broers en susters van Jesus Christus. Maar die Heilige Gees laat gelowiges nie net in die heerlijkheid van Christus deel nie. Hy laat hulle ook in die geloof volhard sodat hulle ondanks die vervolging, belediging en geskel steeds getrou bly aan die Here.

Geliefdes, met hierdie heilige waarheid dryf die Gees elke gelowige om vervolging ter wille van Christus te verduur. Hy maak ons gewillig en bereid om te midde van watter gevare ook al getrou te bly en ook in die lyding van Christus te deel. Want as hulle die Leermeester vervolg en doodgemaak het, sal hulle sy diensknegte beslis nie uitlos nie. Die wêreldse mense sal aanhoudend Christus se diensknegte bykom, want hulle kan Christus nie meer doodmaak nie.

Die vraag wat ons onself moet afvra, geliefdes, is of ons altyd getrou bly aan ons Here Jesus Christus. Ons wil almal baie graag in sy heerlijkheid deel, want dit is vir ons aangenaam. Maar wanneer dit kom by deel hê aan Christus se lyding, is dit 'n ander saak. Deins ons nie ook maar terug vir die lyding wanneer ons maats ons by die skool onder druk plaas om dinge te doen wat teen God se wil is nie? Soms deins ons terug, want ons is bang om deur ons maats verwerp te word. Dink ons nie aan al die swaarkry wat ons sal ly as ons miskien 'n vriend of 'n hooggeplaaste moet vermaan omdat hy of sy nie gehoorsaam aan die wil van God wil lewe nie. Ons dink aan die swaarkry en vermaan dan eerder nie, want ons wil nie onder die woede van 'n hooggeplaaste deurloop nie.

Geliefde gemeente, laat ons nie terugdeins vir die vervolgings en beledigings nie. Laat ons nie ter wille van die guns van mense en om ons eie lewe te behou nalaat om mense te vermaan nie. Jesus het ook gesê: Iemand wat die hand aan die ploeg slaan en aanhou omkyk na wat agter is, is nie geskik vir die koninkryk van God nie. Wie ter wille van 'n vriend of 'n hooggeplaaste die wil en geregtigheid van God vergeet, is nie 'n volgeling van Christus nie maar een van sy baie vervolgers. Dan doen ons mee aan die beledigings en geskel en ons verloën die Here.

Om ons nie te laat moed verloor onder die vervolgings nie, sê Jesus wie vervolg word, is in goeie geselskap. So 'n mens word onder die profete gereken wat vervolg is en selfs hulle lewens verloor het ter wille van die Here en sy reg. Salig is die wat vervolg word ter wille van Christus, want hulle loon is groot in die hemel. Die swaarkry wat ons nou ter wille van Christus moet verduur, sê Paulus, weeg nie op teen die heerlijkheid wat vir ons in bewaring gehou word deur die Here nie. Verbly en verheug julle wanneer die mense julle ter wille van Christus vervolg, want dit is 'n kenmerk dat julle aan Christus behoort. Moet jou nie oor die vervolging bekommer nie, want in Christus is jy meer as 'n oorwinnaar. Christus het op Golgota klaar oorwin. Maar wees bekommerd as jy nie meer ter wille van Christus beledig, uitgeskel of vervolg word nie.

Amen!

Gebed

Slotpsalm 89:17, 18 (p. 448)

- 17 Gedenk, o HEER, hoe swak ek is: hoe kort van duur, / hoe nietig my bestaan, die dood wink ieder uur. Wie leef daar wat die dood nie eenmaal sal aanskou nie? / Geeneen wat teen die mag sy lewe kan behou nie.

Skenk ons u guns, o HEER, help ons in donker stonde / na u belofenis, aan Dawids huis verbonde.

- 18 Gedenk, o HEER, die smaad waarmee hul ons oorstort, / hoedat ons siel deur volk op volk gepynig word.
Gedenk hoe skande^{en} skimp die voetstap begelei het / van hom wat U gesalf, as vors Uself gewy het.
Nogtans, o HEER, u trou die volg U in u gange – / geloofd sy dus u Naam, en “Amen” sê my sange!

Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees bly by u almal.

Amen.

Katkisasieopening

Psalm 33:1 (p. 157)

- 1 Sing vrolik, hef die stem na bowe; / regverdiges, verhef die HEER!
Dit pas opregtes God te lowe / en uit te jubel tot sy eer.
Laat die psalmgesange – / stem van sterk verlange / om die HEER te dank –
by die smeltendskone / harp- en sitertone, / liefde^{en} lof verklank!

Ds Coenraad Vrey
Gereformeerde Kerk Bellville
11 Februarie 2018